# STAAR NA DIE OFFER VAN CHRISTUS

- Rom 5:17 (LV)
- Deur een mens en die sonde wat hy gedoen het, het die dood mag gekry oor alle mense. Maar ‘n ander Mens, Jesus Christus, het baie meer gedoen. Almal wat die groot goedheid van God aanneem en die vergewing van sonde wat Hy verniet gee (ontvang as ‘n vry gawe), sal die ewige lewe hê. Dit is wat Jesus vir ons gedoen het.

- Rom 5:17
- Want as ten gevolge van die misdaad van die een die dood geheers het deur die een, veel meer sal hulle wat die oorvloed van genade en van die gawe van geregtigheid ontvang in die lewe heers deur die een Jesus Christus.

Hebreers 9:12,13,14

Ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeg gebring.

(13) want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees.

(14) Hoeveel te meer sal die bloed van Christus wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, **julle gewete reinig** van dooie werke om die lewende God te dien.

- Dit is die bloed van Jesus Christus wat ons red en vry maak van al ons sondes.
- Die bloedoffer in die ou testament was nie sterk genoeg om verlossing van die vloek van sonde te bewerk nie.
- Net bloed uit God se bloedlyn kon dit verseker of bewerk. (Josef nie vader)
- Die bloed van Jesus alleen bring vrede en reinig ons gewete van dooie werke.
- Die bloed van Jesus is ook die bloed van die nuwe Verbond tussen God en ons deur Jesus Christus.

## Wat gaan in jou gewete aan?

- As jy altyd bewus (in jou gewete) is van sonde, struikeling en oortredinge is jy swak en geboei deur jou eie gewete. Maar die bloed van Jesus reinig ons gewete en verseker 'n "boldness" in die teenwoordigheid van God.

- Sonde bewustheid herinner jou gedurig deur aan satan se krag oor jou lewe, 'n skoon gewete deur Christus Jesus herinner jou dat Jesus die volmaakte prys betaal het.

# Gevolg van die prys wat Jesus betaal het.

- 1 Kor 6:20 – Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort
- Kol 2:14-15 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoon gestel en daardeur oor hulle getriomfeer het

- Verlos - Kol 1:13 - Hy wat ons verlos het uit die mag van duisternis en oorgebring het in die Koningkryk van die Seun van Sy liefde

- Geregverdig - Rom 3:24 hulle word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig

# Sonde besmet ons gewete en neem ons vrymoedigheid weg

- Joshua 3 praat van die deurtog uit slawerny na die beloofde land
- Hulle was so in slawerny vas gevang dat hulle het klein gevoel… soos sprinkane
- Eerste ding wat moes gebeur voor die ingang na die beloofde land is vers 5 – Josua sê toe vir die Israeliete – Reinig julle want die Here gaan more wonderwerke onder julle doen
- Rom 8:6 – Om net deur jou eie begeertes beheer te word, lei na die dood. Maar om oorheers te word deur die dinge wat die Heilige Gees wil hê lei 'n mens in ware vrede en lewe in

## Hier is ‘n sterk sleutel – STAAR

- Numeri 21:9 – Moses het toe ‘n slang van brons gemaak en dit bo-op ‘n paal gesit. As ‘n slang iemand gepik het, het hy na die brons slang gekyk en hy het gelewe
- Verskillende vertalings vir kyk - staar, aanhou kyk

## Loer nie vining maar STAAR na die offer Jesus

Krankheid – Geneesheer – deur Sy wonde

Moeilike omstandighede – Jou Herder

Aanvalle – Jou bewaarder

Tekort – Die Here wat voorsien

Skuldgevoel – Die Here my Geregtigheid